


# 24-7 GEBED VIR HERLEWING
## 16 – 22 FEBRUARIE 2026

*Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is.* (Filippense 2:9)

Om oor die Naam van die Here Jesus na te dink en jouself aan die Heilige Gees te onderwerp, herstel eerbied, versterk die geloof en korrigeer sagkens die gesindheid van die hart. In hierdie eerste spesiale week van 24-7-gebed van 2026, 'Transformasie van ons gemeenskappe', nooi ons jou uit om die naam van Jesus oor jou gemeenskappe te verklaar. Ons wil Sy Naam met vertroue verklaar, en volkome op Sy naam vertrou. Oorweeg dit om aan 'n regstreekse radio-uitsending op **18 Februarie van 19:00 tot 20:00** deel te neem, waar ons saam met ander leiers van *United Prayer for South Africa* vir gemeenskappe sal bid. (Luister by https://linkfm.co.za/ of DSTV Musiekkanaal 875.)

Ons sluit ook ons gefokusde gebed vir die Boeddhistiese wêreld af met 'n Wêreldbiddag (17 Februarie, 12nm (EST) – 18 Februarie, 11vm (EST).

Ons nooi jou uit om saam met ons tydens die **'30 Dae van Ramadaan' van 17 Februarie – 18 Maart 2026** op 'n ingeligte en gefokusde wyse vir Moslems te bid – hul laste te deel, hul bekommernisse te verstaan en God te smeek vir hul verlossing.

---

## MAANDAG 16 FEBRUARIE 2026

### REDDER VAN DIE WÊRELD

*… dat die Vader die Seun as Redder van die wêreld gestuur het*. (1 John 4:14).

**Kom ons bid**

Verklaar oor jou gemeenskap: **Jesus, Redder van die wêreld,** daar is geen verlossing in enige ander vorm of naam behalwe deur U nie (Handelinge 4:12). Laat U geregtigheid neer reën op almal sodat verlossing kan voortspruit (Jesaja 45:8).

**CHENGDU, CHINA**

Chengdu, bekend vir kultuur en intellek, weerstaan geloof deur redenasie en staatsbeheer.

**Statistiek oor godsdiens**

Christen: 369 182 (Protestante)
Boeddhisme: Ongeveer 3-4 miljoen
Hindoeïsme: Onbekend

**Kom ons bid**

- Vra die Here om 'n golf van herlewing na Chengdu te stuur en geleerdes en leiers met goddelike openbaring aan te raak.
- Bid dat elke vesting van trots en ongeloof voor die wysheid van Christus sal buig en dat Sy Gees harte sal aanwakker om die kennis te soek wat tot die lewe lei (2 Korintiërs 10:4-5).

---

## DINSDAG 17 FEBRUARIE 2026

### HERDER EN BEWAKER

*Julle het immers soos skape rondgedwaal, maar nou het julle teruggekom na julle Herder en die Bewaker van julle lewe.* (1 Peter 2:25).

**Kom ons bid**

Verklaar oor die nuwe gelowiges van jou plaaslike gemeente: **Goeie Herder,** U soek elke persoon wie verlore is en bring hulle in U kudde. Die goeie werk wat U, as **Bewaker** van ons lewens in harte begin het, sal U ook volbring (Filippense 1:6).

**RAMADAAN 17 FEBRUARIE – 18 MAART 2026**
**Dag 1**
**SAOEDI-ARABIË**

*Van Moses sê die Skrif egter: "Elke keer as hy hom na die Here wend, word die sluier weggeneem."* (2 Korintiërs 3:16).

Christene leef stil en diskreet, met baie beperkte openbare uitlewing van hul geloof.

**Moslems in Saoedi-Arabië:** Ongeveer 30+ miljoen

**Kom ons bid**

- Bid dat elke sluier van blindheid van die gedagtes en harte van ongelowiges gelig word.
- Vra die Here om menigtes te lok om na Hom toe te draai, Sy Naam aan te roep, en om vir Sy heerlikheid alleen gered te word.

---

## WOENSDAG 18 FEBRUARIE 2026

**OPSTANDING EN DIE LEWE**

*Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe* (Johannes 11:25).

**Kom ons bid**

Identifiseer die hospitale in jou gemeenskap en verklaar oor elkeen by naam: **Opstanding en die Lewe,** deur U wonde het daar vir ons genesing gekom (Jesaja 53:5). Die opstandingskrag en oorwinning van God het die oorwinning en angel van die dood verslind(1 Korintiërs 15:53-55).

**RAMADAAN 17 FEBRUARIE – 18 MAART 2026**

**Dag 2**

**IRAN**

*God wat gesê het: "Laat daar lig skyn uit die duisternis,"...* (2 Korintiërs 4:6).

'n Groeiende ondergrondse kerk bestaan te midde van sterk regeringsopposisie.

**Moslems in Iran:** Ongeveer 83-84 miljoen

**Kom ons bid**

- Bid dat die Here in elke hart regoor Iran sal skyn.
- Bid dat blinde oë oopgemaak word en dat elke demoniese weerstand verwar word.
- Vra God om huishoudings te trek om Christus as Here te bely en om deur Sy krag weer gebore te word.

---

## DONDERDAG 19 FEBRUARIE 2026

**DIE KONING VAN DIE KONINGS EN DIE HERE VAN DIE HEERSERS**

*Op sy klere, by sy heupe, was daar 'n Naam geskrywe: "Die Koning van die konings en die Here van die heersers.* (Openbaring 19:16).

**Kom ons bid**

Verklaar oor persone in posisies van gesag (bv. burgemeester, raadslede, ens.): Wees dan nou verstandig, konings, wees gewaarsku, regeerders van die aarde! Julle moet die **Koning en Here** met ontsag dien, Hom met vrees en bewing toejuig (Psalm 2:10-11)!

**RAMADAAN 17 FEBRUARIE – 18 MAART 2026**

**Dag 3**

**EGIPTE**

*Geseënd is my volk Egipte...* (Jesaja 19:25).

Antieke Christelike wortels bestaan in Egipte, maar gelowiges ervaar sosiale en regsdruk.

**Moslems in Egipte:** Ongeveer 90 miljoen

**Kom ons bid**

- Bid dat die getuienis van Christus sterk deur die Kerk sal skyn.
- Vra dat mure van misverstand gebreek word en dat Moslem-harte oopgemaak word om Jesus as Messias en Verlosser te ontmoet.

---

## VRYDAG 20 FEBRUARIE 2026

**WEG, WAARHEID EN LEWE**

*"Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie."* (Johannes 14:6).

**Kom ons bid**

Verklaar oor ongelowige vriende en kollegas: Volg **Jesus, die Weg,** en wandel in Sy weë. Die hele inhoud van Sy Woord is waarheid; leef daarvolgens, want Hy is **Waarheid**. Kom ondervind self dat die Here goed is (Psalm 34:9). Hy gee ewige lewe!

**RAMADAAN 17 FEBRUARIE – 18 MAART 2026**
**Dag 4**
**TURKYE**

*Die volk wat in duisternis woon, het 'n groot lig gesien…*(Matteus 4:16).

Christendom bestaan histories in Turkye, maar geloof in God is nou 'n minderheid en word dikwels misverstaan.

**Moslems in Turkye:** 80-85 miljoen

**Kom ons bid**

- Vra die Here van die Nasies om 'n geestelike honger in Turkye aan te wakker.
- Bid dat Sy Woord harte wat deur tradisie verhard is, sal deurdring.
- Vra vir baie wat in die skadu van die dood wandel om die lig van die lewe te ontvang en Jesus as Here en Verlosser te bely.

---

## SATERDAG 21 FEBRUARIE 2026

**WARE WYNSTOK**

*Ek is die ware wynstok, en my Vader is die landbouer.* (Johannes 15:1).

**Kom ons bid**

Verklaar oor gesinne in jou straat: Bly in die **Wynstok**, luister fyn na Sy stem. Lê julle swaar laste neer en wees stil. Gee julle harte oor aan die **Wynstok** in gehoorsaamheid en bid volgens Sy wil. Ewige vreugde word slegs in Hom gevind (Johannes 15:7-11)!

**RAMADAAN 17 FEBRUARIE – 18 MAART 2026**
**Dag 5**
**PAKISTAN**

*Want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.* (Romeine 10:13).

Christene staar vervolging en sosiale marginalisering in die gesig.

**Moslems in Pakistan:** Ongeveer 230+ miljoen

**Kom ons bid**

- Vra die Here om elke hindernis tot verlossing te verwyder en die oë van Moslems oop te maak vir Sy verlossende liefde.
- Bid dat Hy die kettings van vrees, haat en geestelike blindheid sal breek en herlewing sal vrystel deur tekens, wonders en getransformeerde lewens.

## SONDAG 22 FEBRUARIE 2026

**LAM WAT GESLAG WAS**

*"Die Lam wat geslag was, is waardig om die mag en rykdom, die wysheid en sterkte, die eer, heerlikheid en lof te ontvang."* (Openbaring 5:12).

**Kom ons bid**

Verklaar oor die verskillende voorstede in jou stad: Lig jul hande wat slap hang, staan op uit die depressie wat jul gebonde hou (Jesaja 35:3). Kyk na die Lam wat geslag was! Lig jul stemme, seën Sy naam. Skryf grootheid toe aan Sy Naam. Hy is die Waardige Een!

**RAMADAAN 17 FEBRUARIE – 18 MAART 2026**

**Dag 6**

**INDONESIË**

*Maar Ek sê vir julle: Kyk daar, kyk na die lande; hulle is ryp vir die oes.* (Johannes 4:35).

Daar is wel vreedsame naasbestaan, alhoewel evangelisasie dikwels beperk is.

**Moslems in Indonesië:** Ongeveer 240+ miljoen

**Kom ons bid**

- Vertrou die Here om elke muur van tradisie wat Sy waarheid weerstaan, af te breek.
- Bid vir 'n groot oes van siele vir Sy Koninkryk sodat Jesus verheerlik kan word.